‘n Gids vir die verantwoordelike oplossing van roofvoëlkonflik in boerderygebiede

Hierdie is riglyne, nie ‘n towerformule nie. Tree altyd verantwoordelik op met respek vir die omgewing en die wet.

Basiese beginsels om roofvoëlkonflik te verhoed

Roofvoëls veroorsaak soms skade by kleinvee en hul aktiwiteite kan lei tot verminderde boerderyinkomste, maar net soos alle mense nie diewe is nie, veroorsaak alle roofvoëls nie skade nie en bestuur moet daarop gemik wees om maatreëls daar te stel wat die voorkoms van konflik oor die langtermyn sal beperk. Beheer moet slegs toegepas word indien alle ander voorkomingstegnieke gefaal het en beheer moet verkieslik gemik wees teen ‘n individu en nie die uitwissing van die spesie nie. Swak bestuur, sonder die inagneming van die dinamika van roofvoël-ekologie en die omgewing, sal slegs die probleem vererger.

Onverantwoordelike, ondeurdagte uitwissing kan lei tot ‘n “vakuum” wanneer ‘n boer roofvoëlgebiede op sy plaas “leegmaak” en so beskikbare habitat vir individue van dieselfde spesie skep. Die gevolg is ‘n ekologiese wanbalans en ‘n plaas met ‘n konstante invloei van ongevestigde roofvoëls. Die beste beleid is om roofvoëls in die omgewing te verdra en met verantwoordelikheid individue af te skrik wanneer hul skade veroorsaak.

In die Suid-Afrikaanse wetgewing word geen roofvoëlspesie erken as “probleemdiere” nie. Sommige roofvoëls mag kleinvee doodmaak, maar dit gebeur gewoonlik ongereeld en kan gewoonlik tot ‘n minimum beperk word indien voorkomende plaasbestuur toegepas word.

Landbou-ekologie en nie-teiken diere

Die mees opmerklike negatiewe effek in die stryd teen roofdiere, soos rooijakkalse en rooikatte, is die uitwerking op die onskuldige nie-teiken diere soos bakoorvosse, aardwolwe , tierboskatte, klein soogdiere, jagvoëls en roofvoëls. Skade wat deur hierdie diere veroorsaak word, is gewoonlik minimaal, ongereeld of seisoenaal en regverdig sekerlik nie hul vernietiging nie. Tog gebruik een uit vyf boere in Suid-Afrika landbouchemiese middelsonwettigomkarkasse te vergiftig of deur onwettige, vergiftigde aas uit te plaas en hierdie onverantwoordelike gebruik het baie ernstige gevolge deur sekondêre vergiftiging in die omgewing te veroorsaak.



Buffer spesies

Klein bokkies en kleinwild soos hase, dassies, springhase, tarentale en jagvoëls is buffer spesies omdat hulle die voorkeur prooi van diere soos roofvoëls is. Baie boere hou wild en kleinwild op hulle plase aan vir hierdie doel. Onvolhoubare jag en vang van hierdie spesies veroorsaak voedseltekorte vir die roofdiere met die onvermydelike gevolg dat sommige mag begin om vee te vang om te oorleef! Onverantwoordelike en opsetlike misbruik van chemikalieë kan ‘n swerm tarentale oornag uitwis en hierdie praktyk wis jaarliks tot 470 000 jag- en watervoëls in Suid-Afrika uit.

Gratis plaagbeheer!

Roofvoëls word soms geskiet omdat hulle vrylopende hoenders vang, maar dit is kortsigtig, want hoenders kan hulself nie beskerm nie en is maklike prooi vir die roofvoëls. Die logiese langtermyn wyse om pluimvee te beskerm, is om hulle in ‘n hoenderhok aan te hou. Arende mag af en toe ‘n probleem wees vir kleinveeboere, maar in die meeste gevalle sal plaasbestuur die probleem oplos deur byvoorbeeld die trop te verskuif. Dink daaraan dat ‘n paar witkruisarende ongeveer 360 dassies per jaar vang en dat hierdie dassies dieselfde hoeveelheid sou vreet as 22 skape. Deur 22 bykomende skape groot te maak, het die boer ‘n groter inkomste as wat hy sou gehad het sonder die arende wat die dassies beheer!

Nonnetjie-uile is ‘n bate. Hulle maak hul kuikens groot in ‘n aaneenlopende siklus, dus het hulle op enige gegewe tyd verskeie kuikens van verskillende ouderdomme in hul nes. Hierdeur vang hulle ongeveer 3000 knaagdiere per jaar. Gemeet in terme van knaagdierkos, is dit ongeveer 10 ton graan wat gespaar en nie vermors of gevreet is nie. Vir boere wat oormatige knaagdierplae ondervind, beklemtoon hierdie syfers hoe belangrik dit is om knaagdiergif te kies wat nie ‘n negatiewe uitwerking op die uilbevolking sal hê nie!

Roofdier- en roofvoëlekologie

Die meeste roofvoëls is gebiedsgebonde. Daar is beperkings soos terrein, bevolkingsdigtheid, kompetisie of kosvoorraad wat dikwels die grootte van die gebied bepaal. ‘n Spesifieke roofvoël se krag, en daarom sy dominansie, mag toelaat dat dit ‘n groter gebied verdedig. Jong voëls word uit die gebied verdryf as die druk en kompetisie vir kos te sterk word en net so word die siek en ou voëls vervang deur die sterk, jong opkomende geslagte.

Dink aan die gevolge indien daar met die ekologie ingemeng word en ‘n roofvoël uitgewis word wat ‘n natuurlike dieet volg en sy gebied op

'n skaapplaas verdedig. Dit mag vervang word deur 'n jong voël of 'n ou voël wat uit sy gebied verdryf is en dit makliker vind om lammers te vang as om by sy natuurlike dieet te hou. Die gevolge kan rampspoedig wees. So moeilik soos wat dit mag wees om te aanvaar indien mens verliese van kleinvee en inkomste ervaar het, moet mens daarna streef om die "vriendelike" roofdiere en roofvoëls op jou plaas te aanvaar en daarna te streef om konflik te voorkom deur die vee te beskerm. As die roofdier- en roofvoël-ekologie in balans is, behoort kleinveeverliese minimaal te wees, of ten minste aanvaarbaar vir die boer.

Wanneer daar van beheer gepraat word, moet mens besef dat hierdie beheer eintlik *bestuur* eerder as *uitwissing* beteken, want ons voorouers het roofdiere vir honderde jare probeer uitroei –sonder sukses. Hoekom? Ons doen sekerlik iets verkeerd! Ons moet ernstig en holisties kyk na die gevolge van roofdiere en die konflik bestuur deur VOORKOMING wat pro-aktief is.

Is die lam dood voor of na geboorte? Baie lammers vrek voor of tydens geboorte en kom dood aan. Indien die hoewe sagte membrane onder het, is dit duidelik dat die lam nie gestaan of geloop het nie. Indien dit nie asemgehaal het nie, is die longe dieprooi en nie pienk en sponsagtig nie. Was die lam gesond en het dit gedrink voordat dit dood is? 'n Gesonde lam behoort soliede wit vet rondom die hart en niere te hê. Hierdie vet is rooi en jellieagtig in 'n uitgehongerde dier, omdat hierdie vet eerste geabsorbeer word. 'n Ander teken is die afwesigheid van melk of melkklonte in die maag. Indien die lam doodgebore was en nie gedrink het nie, sal hierdie nie teenwoordig wees nie.

In die natuurlike seleksieproses deur roofdiere, word die siek en swak diere die eerste teikens. Dus, diere wat siek en stadig is en elk geval sou doodgaan, word eerste gevang. Roofdiere sal die eerste lam van 'n tweeling vang terwyl die ooi nog geboorte skenk. Hierdie probleem kan verhoed word deur beter bestuur – deur te voorkom dat lammers verlaat word. Wanneer die oorsaak van dood bepaal word, is bloedvlekke en kneusing rondom wonde waarskynlik die belangrikste leidrade. As iets doodgaan, hou die bloed op met vloei. Daarom, indien 'n lam deur 'n roofdier gevreet is nadat dit dood is, sal die wonde nie bloederig wees nie. Onthou dat roofdiere aangetrek word na dooie en sterwende diere. Dit is dus 'n goeie gewoonte om gebiede waar ooie lam gereeld skoon te maak van karkasse. Die feit dat 'n roofvoël aan 'n karkas gevreet het of by 'n karkas gesien is, beteken nie noodwendig dat dit die prooidier doodgemaak het nie. Wat ookal die geval, dit is verstandig om beskerming aan vee te verleen gedurende die lamseisoen wanneer hulle baie blootgestel is aan roofdiere.

Skadebestuur

Die belangrikste aspek van enige beheerpogings van skade deur roofvoëls aangerig, is: Dit is absoluut krities om gevoelens te beheer ten spyte van verliese en om irrasionele oorreaksie te vermy. Die beheer moet direk verband hou met die hoeveelheid skade wat aangerig is en die koste van die beheerpogings moenie die waarde van die verlies oorskrei nie. In die eerste plek moet vee beskerm word en plaasbestuur moet voorkoming van verliese insluit.

Voorkomingsmaatreëls

Heinings (kampe, krale, omheinings)

Alhoewel dit duur is, is dit die langtermyn oplossing. Dit is egter net so goed soos die onderhoud en net so sterk soos die swakste plek. Hekke wat oopgelaat word, maak die beste heining nutteloos. Net so dien hekke wat sleg hang, geen doel nie! Die doel van die hek is om die ingang/uitgang toe te maak! Dit is swak praktyk om kleinvee gedurende die lamseisoen in te hok, want dit veroorsaak dat die ooie die lammers weggooi en dit veroorsaak groter verliese. Roofdiere sal swak en uitgehongerde lammers aanval! Dit beteken egter nie dat ooie en lammers in hierdie tyd onbeskermd gelaat moet word nie.

Ander diere

Verskillende soorte diere is al aangewend om vee op te pas, maar met verskillende mate van sukses. Dit sluit in donkies, Anatoliese herdershonde en ander. Die beginsel is dat die dier verdedigend teenoor die vee is, natuurlik aggressief teenoor roofdiere is, of albei. Anatoliese herdershonde word internasionaal suksesvol aangewend vir verskeie gebruike. Indien reg aangewend, is hierdie metode baie effektief. Die teenwoordigheid van mense in die omgewing van die lammerooie, werk beter in die geval van roofvoëls as donkies en honde. Die belangrikste jagtyd vir groot arende is vroegoggend, vroeg- en laatmiddag. 'n Skaapwagter se teenwoordigheid tussen die lammerooie gedurende hierdie tye, sal verhoed dat arende lammers vang.

Ander metodes

Daar is baie tegnieke en metodes beskikbaar om boere te help om veeverliese te verminder. U is welkom om enige van ons veldwerkers of medewerkers in u gebied te kontak om u te help en inligting te verskaf oor die toepaslike metodes.

Hierdie dokument moet beskou word as 'n oorsig en riglyn. Heelwat meer inligting is beskikbaar, soos die boekie *Roofdiere en Boere* (verkrygbaar van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe se Natuurlewe Konflikvoorkomingsgroep deur e-pos te stuur aan wcpg@ewt.org.za of deur 011-486 1102 te skakel.)

Teks deur Tim Snow; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Maggie Newman; BoPWG brosjure-projek gekoördineer deur Mark Anderson; uitleg deur Africa4U.

Endangered Wildlife Trust
www.ewt.org.za

Vir meer inligting oor die Trust vir Bedreigde Natuurlewe se Konflik-voorkomingsgroep en die Roofvoël Werkgroep, besoek die webtuiste http://www.ewt.org.za en volg die skakels na die werkgroep.

E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)